

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 116**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# ***KOM ONS GAAN KERK TOE...***

## **WAAROM KERK TOE?**

### **Uit gewoonte?**

Sekerlik! Dit is 'n goeie gewoonte. Luister wat het Jesus self gedoen. Soos Hy gewoon was, het Hy op die Sabbatdag na die sinagoge gegaan. Sy gewoonte was om op die Rusdag die kerk (sinagoge) te besoek. (Luk. 4:16).

Om van die kerk af weg te bly, is ook 'n gewoonte... 'n slegte gewoonte.

### **Om deur die mense gesien te word?**

Vanselfsprekend!

"Julle is die lig van die wêreld. Laat julle lig skyn voor die mense. Laat die mense julle goeie werke sien en so julle Vader wat in die hemel is, verheerlik." (Matt. 5:14-16). Kerke wat oorloop, laat die mense iets sien. Wat sien hulle? Hulle sien dat God en sy diens vir u aangenaam is. So verheerlik u sy Naam.

Wat 'n kragtige getuienis sou dit in die wêreld wees. Die wêreld sal moet erken dat **die mense hul hemelse Vader lief het.**

Wat sien die mense nou? Hulle sien byna leë kerke. As die Christene self nie entoesiasies is om hulle God te dien nie, hoe sou hulle die wêreld kan oortuig dat hulle 'n heerlike godsdiens het?

### **Om 'n mooi preek te hoor?**

Hoe dan anders?

Die Evangelie van Jesus Christus, die Verlosser van die wêreld, is altyd mooi. "Hoe lieflik is die voete van die wat die Evangelie van vrede verkondig!" (Rom. 10:15). Hoor u dan nie die stem van God in die Evangelie nie of preek u predikant nie mooi nie? Sê dit dan vir hom.

Geen predikant het die reg om lelik te preek nie. Hy moet die Woord van God verkondig en dit moet lieflik wees vir die kind van God. Dit kan dalk wees dat u predikant al sugtende sy werk moet doen, omdat hy vir soveel leë banke moet preek. Leë banke kan selfs vir die beste prediker nie as inspirasie dien nie, of sien u kans daarvoor?

### **Om met mede-gelowiges saam te wees?**

Ja! Geen mens kan alleen staan en volhard nie.

Pak maar 'n vuurtjie aan wat hoog en helder moet vlam. Dan lê u die houtjies mooi bymekaar en die vlamme skiet die lug in. Skop dit uiteen. Hier en daar lê 'n stompie wat nog vir 'n rukkie kwynend vlam of traag gloei. Gou-gou bly daar net 'n swartgerookte stukkie houtskool op die punt van die hout oor. Van vuur is daar geen sprake meer nie.

Moet asseblief die duiwel nie glo dat u God alleen net so goed kan dien as saam met die ander gelowiges in die kerk nie. Hy is 'n mensemoordenaar van die begin af. Hy wil u graag morsdood sien.

### **Omdat u 'n behoefte het om te gaan?**

Alte seker. God het geen behae in slawediens nie. Hy noem ons sy kinders. Watter kind verlang nie na sy ouerhuis nie. Indien u geen behoefte voel om die kerk te besoek nie, is daar iets fout met u kindskap. U verhouding met u Vader is verkeerd. U geestelike aptyt openbaar 'n gebrek.

Wat maak u, wanneer u eetlus verdwyn? U haas u na u huisdokter. Christus is elke gelowige se huisdokter. Hy het selfs 'n hospitaal ook. Daar in sy kerk word middele toegedien om mense wat geestelik krank is, te genees. Hoe dwaas sou u wees, indien u nie die dokter of hospitaal besoek nie en maar liewer aan u kwaal sterwe! Intussen laat u maar u siel wegwyn en 'n stadige dood sterwe, sonder om van die Godgegewe middel gebruik te maak.

Hoe dwaas kan 'n mens tog wees! Die Godgegewe middel is sy heilige Evangelie wat elke Sondag twee keer in Sy Naam aan u verkondig word. Lees gerus Rom. 10. Hoe kan hulle glo sonder een wat preek...

### **Omdat God sê u moet kom, al voel u nie so nie?**

Ja, want Hy weet beter as uself wat vir u goed is. Hy roep só dringend, selfs pleitend: "O almal wat dors het, kom na die waters..."

Hy kan ook en durf ook beveel, omdat u sy kind is. Watter vader is daar wat nie sy kind beveel nie? Wees dan gehoorsaam soos 'n geliefde kind.

### **Om U God te ontmoet, te leer ken en te dien?**

Ja, dit is die hoofsaak van alles wat ons gesê het.

**God is daar.** Hy wag op jou. 'n Erediens is immers nie bloot 'n samekoms van mense nie. Dan kan ons gerus maar die kerkdeure sluit en ons kerke sloop. Nee, **'n erediens is 'n samekoms van God met sy volk.** Durf u dit waag om só 'n geleentheid mis te loop?

U **Vader** wag op u...

"'n Seun eer die vader... as Ek dan 'n Vader is, waar is my eer?" (Mal. 1:6).

U Vader wag op u... Hy wil aan u sy besondere skatte uitdeel... elke Sondag.

**M. J. B.**

# WAT VERWAG U?

ONS HET ALMAL 'N BEHOEFTE OM 'N VERWAGTING TE KOESTER!

Daar moet iets wees waarna ons uitsien!

'n Verblydende, feestelike aangeleentheid in die toekoms is lewensnoodsaaklik. Dit gee sin en kleur aan die lewe. Dit wek aktiwiteit en optimisme. Dit gee moed vir die lewe en ontlok opoffering.

## **Met verwagting — lewe**

Hoe sprankel dit van lewe in 'n kind wat opgewonde uitsien na 'n vakansie of verjaarsdag. Jong mense wat na die huwelik uitsien, leef sommer! Hoe leef en werk mense met die oog op die bereiking van 'n ideaal of die dag van aftrede — om rustig te geniet wat hulle bymekaar gemaak het.

## **Sonder verwagting — dood**

Sonder enige verwagting is die lewe saai en somber — 'n dooie sleur. Die mens wat niks meer verwag van die lewe nie, het homself uitgeleef. Soos sommige oumense (en ook jonger mense) wat net kan sit en tob oor die verlede — soms met weemoed of verdriet — soms met verbittering of selfverwyd.

Soos baie jongmense wat hulle versluk het aan die lewe en nou met leë oë staar, of soos baie (oud en jonk) wat niks meer verwag van die lewe nie en in wanhoop hul werp in die ewige donker — selfmoord!

## **Goeie selftoets**

Om dus 'n goeie waardering van die sin en kwaliteit van ons eie lewe te maak, vra jouself die vraag: "Wat verwag ek? Waarna sien ek uit? Wat maak dit vir my die moeite werd om te lewe en met vreugde op te offer?"

Daar kan mooi dinge wees. Ons hoop so! Tragies is dit as dit net "iets" is en nie "iemand" nie. Dan is ons met dit ons ook al bereik — so alleen. Verskriklik is dit wanneer dit wat ons verwag — iets of iemand is wat ons kan ontval — en ons lewensverwagting daarmee ineenstort.

Kan 'n mens jou bewapen met verwagting — wat jou vrywaar van totale teleurstelling en eensaamheid? Dawid het eenmaal die groot vraag gevra — op 'n kritieke tyd in sy lewe: "En nou, wat verwag ek, o Here?" (Ps. 39:8.). Die antwoord gevind! "My hoop is op U." (Ps. 39:8.). Dit beteken: my verwagting is op U gerig.

Het u geweet dat ons met God — die God van die lewe — persoonlik kan praat. Hy het Sy Seun gestuur om dit moontlik te maak en ons daartoe uit te nooi. Om nie alleen van Hom te verwag wat vir ons goed sal wees nie — maar ook te verwag dat ons nooit alleen sal wees nie. Daartoe het Hy sy Heilige Gees gestuur.

Met God bly daar altyd 'n lewe vol verrassende moontlikhede. Vir hierdie tyd wat Hy ons gun en vir ewigheid, want ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid sal woon!

Wat verwag u?

**L. A. S. van Wyk.**

# VREDE... VREDE... VREDE...

## **Uiteenlopend vertolk**

Soos met alle begrippe verander die begrip "vrede" na gelang van die tyd en omstandighede. Vir elke mens is vrede iets wat aanlok en begeerlik is. Die ou Jode begroet mekaar met die woord "sjaloom" wat "vrede" beteken.

## **Kersfees, fees van vrede**

Veral hier rondom Kersfees is die woord "vrede" op die lippe van byna elke mens. Oor die grense van vooroordeel en haat reik mense mekaar die vredeshand — al is dit net vir 'n paar oomblikke. Daar word gedink aan mindergegoedes en geskenke word uitgedeel. Uit die geskiedenis is selfs bekend dat vyandige magte op die slagveld vir mekaar Kersliedere gesing het en die volgende dag maar weer voortgegaan het met dood en verwoesting.

## **Die Vredevors gebore**

Hoe menige ook al afgewyk het van die lewende geloof in Jesus Christus, bly daar tog darem nog 'n nawerking oor van die bedoeling van sy koms. Eeue voor sy geboorte het die profeet Jesaja Hom aangekondig as die "Vredevors" en in die nag van sy geboorte sing die engele buite die dorpie Betlehem: "Ere aan God in die hoogste hemele... Vrede op aarde in die mense 'n welbehae."

Kersfees en "vrede" word nog aan mekaar gekoppel — hoewel die mensdom skaars onthou dat Kersfees die geboortefeis van die "Vredevors" is. Moontlik is u ook 'n mens wat nog iets van die Vredevors onthou, maar nie meer weet wat dit beteken om die vrede te hê nie.

## **Oorlog en vrede**

Allereers moet ons onthou dat die begrip "vrede" vir ons niksseggend sou wees, indien ons nie ook die teendeel daarvan geken het nie. Ons weet van onvrede en stryd en haat en oorlog. Veral in 'n verwoestende oorlog sien elke mens sugtend uit na die koms van vrede. In jou eie lewe is daar ook onvrede.

Miskien is daar mense wat jou vrede versteur — soms is hulle selfs bitter vyande. Moontlik is dit omstandighede wat jou lewe bemoeilik en selfs vergal, sodat bitterheid i.p.v. vrede in jou binneste lewe.

## **Wie het vrede?**

Nou kan ons maar elke mens betrek. Elkeen wat eerlik met homself is, moet erken dat vrede in werklikheid iets is wat jou greep voortdurend ontwyk. Dit is soos die lugspieëlings wat die woestynreisiger op die horison wink en lok en lyk soos 'n oase of waterfontein, maar weer verdwyn wanneer hy uiteindelik die verbeeldingsfontein bereik.

## **Vrede en tirannie**

Ons kan daarvan seker wees dat die VN nooit vrede op aarde sal bewerkstellig nie, omdat elke land en volk sy eie selfsugtige belange nastreef en die ander probeer oorreed of selfs afdreig om sy belange te dien. Daar is hoegenaamd geen menslike stelsel wat vrede kan bewerk nie — tensy een of ander magtige diktator sou opstaan en die hele mensdom verslaaf aan sy wil. Dan sal daar oënskynlik vrede wees, maar dit sal die vrede van tirannie wees.

## **Jesus en vrede op aarde**

As Christen, wat glo in Jesus Christus, die Vredevors, moet ek my haas om te erken dat Hy ook gewis nie gekom het om dié soort vrede op aarde te bring nie. Hy sê dit self: "Dink julle

dat Ek gekom het om vrede op die aarde te gee?"

Nee, Ek sê vir julle, maar eerder "verdeeldheid." Hy praat selfs, wanneer Hy die toekoms inkyk, van haat en agterdog en oorlog en verdrukking. Hier op aarde kan ons maar gerus onthou dat die wapenwedloop nimmer sal eindig nie.

### **'n Andersoortige vrede**

Wat beteken die vrede op aarde, waarvan die engele sing? Dit is 'n andersoortige vrede, omdat dit verwys na 'n andersoortige oorlog. Vir die Bybel is daar 'n baie ontsettender oorlog aan die gang.

Die Bybel stel dit só: "Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug." Dit gaan derhalwe in die eerste plek om die oorlog teen die duiwel. Hy voer sy legioene van bose geeste aan om die mens se gees te vergiftig en hom in opstand te bring teen God.

### **Die Vredevors gekruisig**

In die stryd teen die duiwel en sy magte is Jesus Christus, ons Vredevors, die aanvoerder. Daartoe het Hy gekom en dit word alreeds in die Paradys van Hom gesê. Die andersoortige van sy stryd en sy vrede kom juis aan die lig in sy oorwinning. Hy het nie die wêreld verower deur wapengeweld nie. Hy het nie mense verlos deur die swaard nie. Hy het juis oorwin toe Hy aan die kruis gesterf het. Hy het mense verlos deur sy bloed. Dit is die paradoks van Jesus Christus, die Vredevors in die Gekruisigde. Dit is die groot struikelblok vir mense — die gekruisigde Verlosser, want dit is 'n dwaasheid vir die wyse wêreldmens.

### **Glo in Jesus en jy het vrede**

Tog is daar vir 'n mens maar net een manier om vrede te besit — die vrede wat alle verstand te bowe gaan — en dit is om te glo in Jesus Christus. Hy het die duiwel oorwin — ons aartsvyand wat daarop uit is om ons vrede van ons weg te neem. Hy gee aan elkeen wat in Hom glo vrede met God, omdat die sondeskuld wat skeiding maak tussen ons en ons hemelse Vader in Hom weggeneem word. Hy gee aan ons vrede in ons innerlike, omdat die stem van ons gewete in Hom rus vind — die gewete wat ons gedurig aankla vanweë ons gebreke wat ons eie vrede wegneem en ons vervreem van ons medemense.

Die vrede bestaan in oorlogvoering. Ons word ingespan in sy leërmag. Ons stry sy stryd — die stryd teen die duiwel, teen die sonde en die teen die verleiding van die wêreld. Is 'n mens getrou in dié stryd, het jy die ware vrede in jou siel.

Beleef om te begryp: dit is 'n vreemde soort vrede — die vrede wat Jesus Christus ons bied. Dit is 'n vrede wat 'n mens nie kan begryp, voordat jy dit nie waarlik besit nie. Kom met al jou nood — alles wat jou vrede wegneem — kom daarmee na Hom toe en jy ontvang die vrede wat alle verstand te bowe gaan.

### **Verloor om te wen**

Dit beteken wél dat jy self nie meer op die troon sal sit in jou eie lewe nie, maar dit beteken ook dat jy van jou allergrootste vyand — jou eie ek — verlos sal wees.

Dit beteken ook moontlik dat jy in die wêreld gehaat sal word. Christene is dikwels gehaat en vervolgd en doodgemaak en tog het hulle die vrede behou. Vandag nog word Christene gemartel en tog kan hulle nie loskom van Jesus Christus nie — juis omdat hulle die vrede besit.

Die kosbare skat gee Kersfees nie aan jou nie, maar dit ontvang jy uit die hand van die Vredevors, Jesus Christus.

**M. J. Booyens.**

# GOD... en die ellende in die wêreld

## **Jare van ellende kom en gaan**

'n Ou jaar gaan verby... 'n nuwe jaar breek aan. Die tyd rol voort. Dan neem die meeste mense hulle lewe en die wêreld met meer aandag as gewoonlik in oënskou. Daar is terugblikke en vooruitskouinge — vir wat dit ook al werd mag wees.

Een ding staan egter soos 'n paal bo water. Ons leef in 'n wêreld wat in groot nood is. Miljoene mense leef onder die broodlyn. Daar is selfs miljoene wat 'n moontlike hongerdood in die gesig staar. Siekte en pyn en smarte word beleef deur oud en jonk. Die meedoënlose dood maai miljoene kindertjies af. Dan praat ek nog nie eens van frustrasies en teleurstellinge en stryd en haat en oorlog en terrorisme en al die ander dinge wat 'n gelukkige lewe op aarde verhinder nie.

## **Is God 'n God van liefde?**

Dan durf ek verklaar: ek glo in God. Die Bybel sê: "God is liefde." Die Bybel sê selfs dat geen haar van ons kop val sonder die wil van God nie.

God is liefde. God is daarby ook die almagtige regeerder van die heelal. God is alomteenwoordig. Alles gebeur volgens sy wil of, soos die Bybel dit noem, volgens sy ewige raadsbesluit, maar dan kan Hy mos sorg dat daar nie soveel onverklaarbare ellende in die wêreld sal wees nie. Hy is liefde en daarom kan Hy Hom tog nie verlustig in al die duistere nood nie. Hy is almagtig. Daarom is dit vir Hom tog nie onmoontlik om alles mooi en goed en aangenaam te reël nie. As Hy 'n God van liefde is, waarom laat Hy al die ellende toe?

## **Ellende maak geloof in God moeilik**

Ek kan geen mens kwalik neem wat met hierdie soort vrae sit nie. Ek het ook al daarmee in verleentheid gesit. Daar is ook vir my onverklaarbare vrae wat die geloof in God moeilik maak.

## **Vaderliefde vra wederliefde**

Ek wil egter die vraagstuk van die ander kant af benader. Ek glo dat God liefde is. Ek glo dat Hy almagtig is. Ek glo selfs dat Hy die mens en alle dinge geskape het. Hy het die eerste mensepaar in die Paradys geplaas en hulle alles gegee wat hulle hart begeer. Omdat Hy liefde is, het Hy die mense liefgehad. Hy, as hul Skepper en Vader, het heeltemal tereg van hulle wederliefde verwag.

Is dit nou soveel gevra van die mens — ook van jou en my — om Hom, ons almal se Skepper en Vader, lief te hê. U verwag tog van u kind om u lief te hê. Die kind se liefde beteken ook dat hy aan sy ouer gehoorsaam is en wat ons en ons verhouding tot God aanbetref, beteken dit dat ons aan Hom gehoorsaam moet wees.

## **Onverklaarbaar dat dit nog so goed gaan**

Nou wil ek maar net aan u sê wat ek van harte glo en nie skroom uit te spreek nie. Die ellende en lyding en nood in die wêreld is nie vir my snaaks nie. Dit is vir my verklaarbaar.

Weet u wat vir my die mees onverklaarbare saak is? Dit is dat dit nog só goed gaan in die wêreld; ondanks die feit dat die mensdom sy God verwerp en verag en laster en belaster. Ek wil selfs nog nader kom. Ek verwonder my altyd meer en meer daarvoor dat dit met myself só goed gaan, want ek ken myself. Ek weet tog te goed dat ek niks in myself besit wat God se liefde waardig is nie.



## **Ellende is die mens en nie God se skuld nie**

Die mees onverklaarbare saak is vir my nie dat die mensdom swaarkry nie, maar dat dit met 'n mensdom, wat God nie wil liefhê en gehoorsaam nie, nog só goed gaan. Ken ek die Bybel, dan weet ek dat al die nood in die wêreld maar net die verantwoordelikheid van die mens self is. Dit kan nie op God se skouers geplaas word nie. Ons hoef nie daarvoor in die eerste plek na Adam en Eva te kyk nie. Kyk maar eerlik na jousef en plaas die skuld vierkantig op jou eie skouers.

Die mens het self 'n gemors gemaak van die aardse lewe en hy doen dit vandag nog. Die ergste is dat God 'n mens, wat Hom nie wil ken en gehoorsaam nie, aan sy eie begeertes oorgee. Dan ontketen die mens self 'n onbeheerbare stroom van ellende. Selfsug, haat, onreinheid en ontering van menseliggame onder mekaar. Dit vreet soos 'n kankeragtige vloek deur die hele bestaan van die verblinde mensdom heen.

## **Bevestig die waarheid van die Bybel**

Dit bevestig vir my die waarheid van die Bybel. God het nadruklik aan die goeie mens gesê dat Hy sekerlik sat sterwe indien Hy aan God ongehoorsaam is. Met die ongehoorsaamheid, wat die Bybel sonde noem, kom die dood en ellende in die wêreld. Die dood lê sy koue hand op alle mense.

Die ergste is selfs nie die liggaamlike ellende en dood wat ons almal sien nie. Veel erger is dat die mens ook in geestelike sin dood is. Die Bybel sê dat hy dood is in sonde en misdade. Daarom moes hy, indien God hom na verdienste sou behandel, lankal van die aardbol weggevee en in die hel gewerp gewees het.

## **God is waarlik liefde**

God is lankmoedig. Hy stel die oordeel uit — ook omdat hy wil hê dat mense tot bekering moet kom. Hy is selfs só lankmoedig dat Hy sy eniggebore Seun, Jesus Christus, in die wêreld stuur. Hy stuur Hom om die lyding en nood en dood van die mensdom op Hom te neem. Hier op aarde, in die tyd, het Hy die helse nood en oordeel gedra om vir ons die ewige vreugde te verwerf.

O, ek weet só goed: my God is 'n God van liefde. Ek weet dit omdat Hy nie alleen die mensdom onverklaarbaar liefhet nie, maar ook omdat Hy my as sondaar liefhet. Kan u begryp dat die almagtige Skepper wat tereg 'n vreeslike aanklag teen jou en my het, ons liefhet. Hy het immers geen behae in die dood van die sondaar nie, maar dat hy hom bekeer en lewe.

**M. J. Booyens.**

# EK GLO IN GOD

## **Kennis**

Mense dink en ondersoek en kom so tot kennis. Dan sê ons dat ons bepaalde dinge weet. Ons verstand en sintuie stel vas dat bepaalde dinge bestaan en op 'n bepaalde manier werk. Dan lei ons daaruit bepaalde teorieë en natuurwette af. So bou ons 'n ontsaglike kennis van die groot heelal op en selfs van die aller kleinste dingetjies. Kennis... kennis... kennis is die wekroep van die mens van alle tye.

## **God onkenbaar?**

Maar, sê die wetenskaplike mens, van God weet ons niks nie. Van Hom het ons geen ervaring nie en oor Hom kan ons geen kundige woord sê nie. Veral die moderne wetenskaplike natuurmens beskou dit as onwetenskaplik om oor God te praat. Dit is 'n gevaarlike sonde in ons tyd — om onwetenskaplik te wees. Dit is die ergste wat 'n verstandige mens kan oorkom.

## **Onbepaalbare "iets"**

Daar is egter tog iets wat buite die wetenskaplike greep van die mensdom is... waarvan die bestaan nie ontken kan word nie. Om nie die woord "God" te gebruik nie, gebruik mense maar ander terme om die onbepaalbare en ongrypbare iets, waarvan almal min of meer bewus is, te omskryf.

## **Verklaring van die "iets"**

So praat wetenskaplikes — veral hulle wat ons filosofe of wysgere noem — van die "syn" of "grond van die syn" van die heelal. Daar moet tog iets onderliggend en wesenlik bestaan waaruit die ontstaan en bestaan van die heelal 'n grond of syn (bestaan) vind.

In 'n ander verband praat geleerdes van die "keersy van die werklikheid" wanneer hierdie onbepaalbare iets beskryf word. Soms is daar "goeie mense" wat praat van die "sedelike ideaal" of "hoogste goed." Hulle merk tog wel in alle mense iets wat na die hoër en mooier en beter dinge in die lewe strewe — dinge wat uitstaan bo die bloot stoflike stryd om te bestaan.

## **Die Noodlot**

Ons weet almal van die "Noodlot of Toeval". Ek skryf dit met hoofletters, want die noodlot speel nogal 'n belangrike rol in die lewe van die meeste mense. Dit is gewoonlik die "Noodlot" wat tref wanneer dit sleg gaan en die "Toeval" wanneer dit goed gaan.

Vir andere is die "Natuur" met sy wette van oorsaak en gevolg die eintlike wesenlik en onbestemde wat alles bepaal.

## **Okkulte 'wetenskap'**

Dit is opvallend hoe die verligte mense van ons tyd terugval op die sogenaamde "okkulte" bygelowe en gebruike. Die geheimsinnige Oosterse mistisisme neem van menige mens besit. Mense dra gelukbringers en lees hulle toekoms en geluk af in sterrebeelde en allerlei toevallighede. Só is 'n bekende tennisster bang om sy lang hare 'n bietjie te knip voor 'n belangrike wedstryd.

'n Mens kan so voortgaan om te bespiegel oor die onbestemde en ongrypbare "iets" agter die werklikheid wat ons sien. Dit is iets waaraan die meeste mense bewus of onbewus groot waarde heg.

## **Onbewysbaar**

Tog kan hulle die "iets" nie met hulle sintuie of verstand bewys of ervaar nie. Dit is vir hulle 'n saak van geloof. Selfs die algemeen aanvaarde "feit van die ewolusie", wat in ons tyd as die wetenskaplike grond van die natuurkunde en biologie beskou word, is en bly onbewysbaar. Daar word gewerk met dit wat miljoene en miljarde jare gelede kon gebeur het, maar wat nooit onbetwis bewys kan word nie.

## **Ewolusie bewys?**

'n Selferkende ewolusionis, Dr. G. A. Kerkut, verklaar in sy boek: "Implications of Evolution" die volgende: "Daar is baie skemas waarvolgens die ontstaan van lewe kon plaasgevind het, maar dit is almal veronderstelde skemas en niks meer nie. Proewe mag uitgevoer word om 'n rigting aan te dui, maar dit sê aan ons niks van wat sowat 1 000 miljoen jaar gelede kon gebeur het nie. Dit is derhalwe 'n saak van geloof."

## **Saak van "geloof"**

Dit is waarby ek met u wou kom. Al die "wetenskaplike" en "onwetenskaplike" dinge wat as 'n verklaring van die bestaan en voortgang en doel van die heelal en die mens moet dien, is onbewysbaar. Dit is alles 'n saak van geloof.

## **Geloof in God onwetenskaplik?**

Glo ek nou in God en nie in die "syn" of "grond van die syn" of "noodlot" of "hoogste goed" of "sterrebeelde" of wat u ook al aan kan dink nie, dan is ek waarlik nie minder "wetenskaplik" as al die sogenaamde. "wetenskaplikes" van die wêreld nie. Alle mense staan voor dieselfde onverklaarbare geheimenisse agter die sinlike werklikheid.

Glo hulle in een van die ander geheimsinnige kragte of wat hulle dit ook al wil noem, dan is hulle geloof 'n groter wonder as myne. Dink net daaraan dat alles wat ons sien en ervaar sommer êrens in die oerverlede vanself uit niks ontstaan het nie. Indien daar geen Skepper sou wees nie, is dit tog die eintlike gevolgtrekking waartoe 'n denkende mens behoort te kom.

## **Ek glo in God**

Ek glo in God. Dit is nie onlogies en onwetenskaplik nie. Dit is wel 'n wonder om in God te glo, maar dit maak ook van my lewe 'n wonder van rus en krag; wat ek nêrens elders vind nie. Omdat ek glo, hoef ek nie te gryp na allerlei wisselvallige teorieë wat mense uit hulle onvolmaakte verstand voortspin nie. Ek het 'n anker wat standhou — vir my "wetenskaplike" verstand en vir my onrustige hart.

## **Wonderlik is die werke van my God**

Ek kyk met verwondering na myself en na die heelal wat ek lief is die skepping noem, omdat ek glo dat God die Skepper is van alles wat bestaan. Ek het dan rede om te sing en my te verbly in die werke van my God wat alles so wonderlik gemaak het.

Hoe jammerlik spartel die mensdom tog in die duister sonder die geloof in God, omdat hulle die Lig wat in Jesus Christus in die wêreld gekom het, verwerp. Hulle het die duisternis liever as die Lig.

**M. J. Booyens.**